**Genesing by die bad van Betesda (OP215)**

**Joh 5:1-18**

**6 April 2025**

Laasweek het ons die genesing van die koninklike amptenaar se seun oordink. Ons het gesien dat die Here Jesus juis van Samaria na Galilea gegaan het omdat Hy nie in Sy vaderland as Profeet geëer is soos wat Hy in Samaria deur die Samaritane geëer is as die Verlosser van die wêreld nie. Die mense in Judea was vyandig teenoor Hom, en die mense in Galilea was net in Hom geïnteresseerd weens die tekens wat Hy gedoen het. In Galilea het Hy hulle verder oor die gebrekkige basis van hulle geloof geleer juis deur die genesing van die amptenaar se seun. Hy het aan hulle gedemonstreer dat alhoewel die amptenaar sterk geloof in Hom gehad het as Iemand wat sy seun op wonderbaarlike manier kan genees, het daar 'n verdieping in sy geloof toe sy seun gesond geword het – hy en sy hele huishouding het tot saligmakende geloof in die Here Jesus gekom. Dit beteken die amptenaar en dy huishouding het verstaan dat die Here Jesus meer is as 'n Wondergeneser, Hy is die Seun van God, Hy is die Messias, en geloof in Hom sal lei tot die ewige lewe.

Vandag wil ek begin om na nog 'n teken van die Here Jesus te kyk: Dit is die genesing van 'n siek man by die bad van Betesda in Joh 5. Ek wil graag die volgende inleidende opmerkings maak uit Joh 5:1-3. Lees dit. Vers 1 begin met die woord "Hierna" – hierdie gebeure volg dus op die gebeure waarna ons tot dusver in die Johannes-evangelie gekyk het. In 'n sekere sin het ons tot aan die einde van Johannes 4 'n beskrywing gehad van die begin van die Here Jesus se openbare optrede – maar nou beweeg Johannes in sy beskrywing aan. Ons weet nie presies hoe lank dit na die vorige gebeure was nie. Ons lees die Here Jesus het nou weer na Jerusalem gegaan, weer vir een van die Joodse feeste – ons weet egter nie watter fees dit was nie. Hierdie gebeure speel af by 'n bad in Jerusalem. Die 2020 DAV vertaling noem dit die bad van Betsata, maar dit is meer algemeen bekend as die bad van Betesda, of selfs Betsaida. By hierdie bad was daar vyf pilaargange, en in hierdie pilaargange het baie siekes gelê: blindes, kreupeles en verlamdes. In Joh 5 kan ons drie belangrike onderwerpe identifiseer wat bespreek word: (1) Die Here Jesus se genesing van die siek man (Joh 5:1-15), (2) 'n Gesprek oor die sabbatdag (Joh 5:9b-18), en (3) 'n Gesprek oor die Here Jesus – Sy volmag en die getuienis oor Hom. Ek wil vandag stilstaan by die eerste twee onderwerpe, en beplan om volgende keer na die gesprek oor die Here Jesus te kyk.

<u>Die Here Jesus se genesing van die siek man (Joh 5:1-15)</u>

Ek vind baie aanklank by Mark Johnston se bespreking oor die genesing van hierdie man. Mark Johnston lig uit dat ons in hierdie gebeure baie leer oor hoe die Here Jesus tipies mense verlos. Die fisiese genesing van die man leer ons hoe die Here Jesus mense geestelik verlos. Ek wil dit onder die volgende 4 punte oordink: (1) Die feit van die lewe (v6), (2) Die mens se hopeloosheid (v7), (3) Die oorsaak van die hopeloosheid (v14) en (4) Die hoop wat die Here Jesus bring (v8-9).

**Die feit van die lewe (v6):** Lees Joh 5:5-6. Een van die sake waaroor hierdie siek man gekonfronteer word, is die harde feite van die lewe. Ons lees dat hierdie man alreeds vir 38 jaar lank siek was. Dit is lank. Dit lyk of die man verlam of kreupel was. Na 38 jaar was dit die harde realiteit van sy lewe. Dit is hoe sy lewe nou maar eenmaal was: Hy is verlam, en hy sit by die bad van Betesda. Elke dag maar weer. Dit is die somtotaal van sy lewe. Hy was dit nou al gewoond – al was dit nie baie opwindend nie. Ja, daar was darem die geleentheid om te bedel wanneer besoekers Jerusalem besoek vir die jaarlikse feeste, maar dit was omtrent al om oor opgewonde te raak. Ja, daar was die moontlikheid om betyds in die water te kom wanneer die water geroer word, maar na 38 jaar weet hy ook nou al die kanse dat dit gaan gebeur is skraal.

Is dit nie dikwels ook die realiteit van ons daaglikse lewe nie? Ons leef ook so maklik maar net van dag tot dag. Ons gaan elke dag werk toe, en dan kom ons huis toe, net om more maar weer dieselfde patroon te herhaal. So gaan dit aan: dag na dag, jaar na jaar. Af en toe is daar bietjie opwinding of afwisseling – dalk 'n vakansie, dalk 'n bevordering. Maar kort voor lank val ons maar net weer terug in die daaglikse roetine. Ek staan amper verskrik as ek hoor hoe sommige mense oor hulle lewens praat wanneer hulle oud word: Ja, daar was 'n paar hoogtepunte. Maar dit is lank terug, en as jy terugkyk moet jy erken dit het ook maar net vir 'n kort periode bietjie opwinding gebring.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die Here Jesus na hierdie siek man kom in vers 6, en vir hom vra: "Wil jy gesond word?" Ons reaksie is: Dit is 'n vreemde vraag! Natuurlik sal die reaksie van die man wees: "Ja, asseblief!" Maar dink aan jou eie situasie: Na soveel jaar van gewoond wees aan jou gewone roetine, wil jy werklik meer sin in jou lewe hê? Of het jy dalk al vrede gemaak met die lewe wat jy so gewoond aan is, en verkies jy dalk dat dinge nie moet verander nie?

**Die mens se hopeloosheid (v7):** Lees Joh 5:7. Die vraag van die Here Jesus of die man gesond wil word, konfronteer hom met nog 'n harde realiteit in sy lewe: Nie net sit hy nou al vir 38 jaar by die bad van Betesda nie, daar is ook nie hoop dat dit gaan verander nie. Hy verduidelik hierdie realiteit aan die Here Jesus: Ja, dit is so, daar is af en toe die realiteit dat die water gemeng word, en daarmee saam is daar die moontlikheid dat iemand kan gesond word. Maar die feit van die saak is, hy kan nie self betyds by die water kom nie, en boonop het hy ook nie iemand wat hom kan help om betyds in die water te kom nie. Dit is die harde realiteit: Hy kan homself nie help nie, en hy het niemand anders wat hom kan help nie. Die situasie is eenvoudig hopeloos. Gevolglik bly hy maar net daar sit. Dit is net realisties om nie te veel verwagtinge te hê nie.

Dit is ook waar vir ons: Ons voel ook dikwels so. Ons swoeg maar deur die lewe. Daar is nie werklik die moontlikheid om uit hierdie geswoeg te ontsnap nie. Ek kan nie ophou werk nie, want ek moet 'n inkomste genereer. So af en toe is daar bietjie opwinding, maar dit gaan gou weer verby. En die ander mense rondom my is ook vasgevang in hierdie maalkolk – hulle kan my ook nie werklik help nie. Dis eenvoudig hopeloos. Ek hoor nou die dag iemand vertel: Ja, daar was die opwinding om kinders te hê. Maar toe word hulle groot. Toe was daar die opwinding om kleinkinders te hê. Maar nou is hulle ook groot, en hulle gaan aan met hulle eie lewe. Nou is daar realisties gesproke nie meer veel om na uit te sien nie.

**Die oorsaak van die hopeloosheid (v14):** Ons sal netnou kyk na die Here Jesus se genesing van hierdie man. Ek wil net eers die klem laat val op daardie deel van vers 14 waar die Here Jesus na die man gesond geword het, sê hy moet nie langer sondig nie. Lees Joh 5:14. Die opdrag van die Here Jesus is dat die man nou moet ophou sondig! Hierdie vers gee vir ons die sleutel om te verstaan wat aanleiding gegee het tot die man se 38 jaar langs die bad van Betesda: Sonde! Sonde was die oorsaak dat hy siek was. Sonde was die oorsaak dat sy lewe 'n sukkel-bestaan langs die bad van Betesda geword het. Sonde was die oorsaak dat hy nie hoop gehad het om ooit in die water te kom, om ooit gesond te word nie.

Daar is heelwat debat oor of dit sonde in die algemeen is wat siektes in die wêreld tot gevolg het, en hierdie man is nou die slagoffer van siekte wat algemeen voorkom, of is dit eerder dat hierdie man persoonlik 'n spesifieke sonde gepleeg het, en die gevolg van hierdie spesifieke persoonlike sonde is dat hy nou al vir 38 jaar lank langs die bad sit. En daar is geldige argumente ter ondersteuning van beide sienings. Kyk na die volgende ter ondersteuning van die siening dat dit die gevolg was van sonde in die algemeen:

- In Joh 9:3 lees ons van die man wat sedert sy geboorte blind was. Die Here Jesus het van hierdie man gesê dat sy blindheid nie weens sy eie sonde of weens die sonde van sy ouers was nie, maar sodat die dade van God deur hom geopenbaar kan word.
- In Joh 11:4 lees ons dat Lasarus se siekte 'n doel gehad het – sodat God en die Seun daardeur verheerlik kon word. Sy siekte was dus nie die gevolg van 'n persoonlike sonde nie, maar sonde in die algemeen, wat die Here gebruik tot Sy eer.
- In Luk 13:1-5 lees ons dat die Galileërs wat onder Pilatus gely het sowel as die mense op wie die toring van Siloam geval het nie groter sondaars was as die ander mense nie. Hulle lyding was dus nie die gevolg van 'n spesifieke sonde wat hulle gepleeg het nie, maar die gevolg van sonde in die algemeen

'n Mens sou kon redeneer dieselfde was die geval met die man by die bad van Betesda – sy siekte kon die gevolg gewees het van sonde wat algemeen in die wêreld voorkom. Miskien was hy siek soos Lasarus, sodat die Here verheerlik kon word deur die gebeure wat met hom sou gebeur. Maar onthou ook die volgende gevalle:

- In Hand 5:1-11 lees ons van Ananias en Saffira wat beide gesterf het juis as gevolg van 'n spesifieke sonde wat hulle persoonlik gepleeg het.
- In 1 Kor 11:30 lees ons dat daar van die Korintiërs swak en siek was, en sommiges het selfs gesterf, a.g.v. hulle ongeoorloofde deelname aan die nagmaal. 'n Spesifieke sonde het 'n spesifieke lyding tot gevolg gehad

'n Mens sou ook kon redeneer die man by die bad van Betesda was siek weens 'n eie spesifieke en persoonlike sonde. Kommentatore verskil oor wat die geval met hierdie man was. Siende dat ons nie spesifiek gesê word wat die geval was nie, moet ons dus nie dogmaties hieroor wees nie. Wat egter wel duidelik is, is dat al hierdie frustrasies wat hierdie man en ons beleef met die lewe wat 'n geswoeg is, en met die hopeloosheid van ons situasie, is ten diepste die gevolg van sonde – hetsy persoonlike sonde, of sonde wat algemeen in die wêreld voorkom.

Wat die situasie nog meer hopeloos maak, is dat die Here Jesus ook aan die man sê, is: As hy nie ophou sondig nie, gaan die situasie nog verder versleg. Nie net kan hy verwag om by die bad te bly sit nie, maar nog iets ergers sal met hom gebeur: Hy kan die oordeelsdag verwag, en om dan veroordeel te word en in die poel van vuur gegooi te word. So hopeloos as wat die situasie nou al reeds is, dit gaan net nog hopeloser word! Dit is hopeloos! En dit is die realiteit van elke mens se lewe: Hopeloos, met die verwagting van nog iets erger. En dit alles is die gevolg van sonde.

**Die hoop wat die Here Jesus bring (v8-9):** Lees Joh 5:8-9. In vers 8 sê die Here Jesus vir die man: "Staan op, tel jou slaapmat op en loop". En dan voeg vers 9 by: "En dadelik het die man gesond geword, sy slaapmat opgetel en begin loop." Nodeloos om te sê, die Here Jesus het ingegryp, en die man se hopelose bestaan verander in 'n oogwink. Hy kan opstaan en weggaan van die bad van Betesda. Hy kan gaan werk. Hy kan 'n normale lewe gaan ly.

Maar let op die volgende: Vers 6 het al gesê die Here Jesus het geweet dat die man alreeds lank siek was. Die Here Jesus het hom dus alreeds geken – al het die man nie die Here Jesus geken nie. Boonop: die Here Jesus het net eendag uit die bloute opgedaag – die man was totaal en al onbewus dat die Here Jesus daardie dag sou kom. Trouens hy het nie eens geweet wie die Here Jesus is nie. Verder: Dit was die Here Jesus wat juis hierdie man daar tussen al die ander siekes by die bad van Betesda gekies het. Ons weet nie hoekom die Here Jesus juis hom gekies het nie. Wat ons wel weet: Hy was al lank siek, en hy was sondig. Let ook op: die Here Jesus maak die man gesond sonder dat die man eers in die bad se water was – hy word gesond gemaak sonder dat die Here Jesus die

manier gebruik wat die man gedink het die manier is waarop hy dalk gesond kan word. Die Here Jesus het hom gesond gemaak deur eenvoudig net te sê: "Staan op, tel jou slaapmat op en loop." Dis al.

Geliefdes, sien die volgende raak: Aan die een kant is dit die Here Jesus wat absoluut soewerein optree: Hy kom wanneer Hy wil. Hy kom red wie Hy wil. Hy kom red die man soos Hy wil. As dit nie vir die Here Jesus se ingrype was nie, het die man daar by die bad bly sit, met die verwagting dat nog iets ergers met hom gaan gebeur. Die Here Jesus red wanneer Hy wil, wie Hy wil, soos Hy wil – en dit verander die persoon wat gered word se lewe ingrypend. Maar daar is ook 'n ander kant wat ons nie moet miskyk nie: Die man moet opstaan, hy moet sy slaapmat optel, en hy moet loop. As die man dit nie sou doen nie, sou hy ook net daar by die bad bly sit het. Boonop, hy moes ook nie langer sondig nie, anders sou iets ergers steeds met hom gebeur – die man het ook 'n verantwoordelikheid gehad. Ja, die Here Jesus red, en Hy red soewerein. Al die eer kom die Here Jesus toe. Hy het alles gedoen wat nodig is. En tog is dit netso waar dat die mens 'n verantwoordelikheid het – dit doen geen afbreuk aan die soewereine ingryping van die Here Jesus nie, en tog is dit netso noodsaaklik. Ons kan dit nie logies verduidelik nie. Maar ons moet van albei kennis neem.

Sien jy die uitbeelding van die verlossing wat die Here Jesus bring vir 'n gelowige in hierdie fisiese genesing van die man? Die feit van die lewe vir die sondegevalle mens is dat hy 'n saai lewe lei, wat niks meer as 'n geswoeg is nie, met die verwagting dat dit gaan uitloop op nog iets ergers aan die einde van die lewe. Dit is 'n hopelose situasie, want nie net kan die mens nie self iets aan hierdie situasie verander nie, daar is ook nie 'n ander mens wat sy situasie fundamenteel kan verander nie. Die wortel van die kwaad is sy sondeskuld en sondegeneigdheid. Maar die Here Jesus kan dit verander. Hy gryp soewerein in in die lewens van die kinders van God. Hy gryp in wanneer Hy wil en soos Hy wil.

- En wanneer Hy ingryp, verander die lewe van die persoon eensklaps: Hy moet die verlossing van die Here Jesus glo. Hy demonstreer sy geloof deur op te staan, sy slaapmat op te tel en te loop. Vers 14 sê die persoon is gesond – want die Here Jesus het hom gereinig van sy sonde. Hy is nou geregverdig. Dit is 'n uitbeelding van die regverdigmaking deur die Here Jesus.
- En dan waarsku die Here Jesus hy moet nie langer sondig nie: hy moet nou heilig lewe. Maar die Here Jesus gee ook aan die persoon die Heilige Gees wat hom help in sy heiligmaking. Hierdie is 'n oproep tot heiligmaking.
- En boonop hoef die persoon nie meer iets erger te verwag met die oordeelsdag nie. Trouens hy kan iets heerliks verwag: om heerlik gemaak te word. Sy hopeloosheid het oorgegaan in 'n hoopvolle verwagting op heerlikheid. Dit is 'n uitbeelding van sy heerlikmaking.

Ja, die Here Jesus doen dit alles soewerein. En tog is die persoon subjektief en ook aktief betrokke. In die beskrywing van hierdie teken, leer Johannes ons hoe die Here Jesus as die Messias aan ons die lewe gee as ons in Hom glo.

<u>'n Gesprek oor die sabbatdag (Joh 5:9b-18)</u>

Lees Joh 5:9b-15. In vers 9b lees ons dat hierdie gebeure op 'n sabbatdag plaasgevind het. Die gevolg was dus dat die man op 'n sabbatdag sy slaapmat gedra het. Natuurlik het dit die Jode ontstel. Dit is so dat die sabbatdag 'n rusdag was – nie net is dit deel van die skeppingsopdragte van die Here dat die mens elke sewende dag moet rus nie, maar dit is ook die vierde gebod in die tien gebooie. Dit het onder andere ingehou dat die mens nie op die sabbatdag moet voortgaan met sy normale aktiwiteite nie, maar eerder moet rus en die dag aan die Here moet wy. Die Jode het 'n

verskeidenheid van verskillende klasse van werk geïdentifiseer – Don Carson sê daar was volgens hulle in totaal 39 verskillende klasse van werk. Een so ‘n klas was dat niemand op die sabbatdag iets van een bestemming na ‘n ander bestemming mag dra nie. Volgens hulle was die feit dat hierdie man sy slaapmat gedra het dus ‘n oortreding van daardie klas werk, en dus ‘n oortreding van die sabbatsgebod, of eerder ‘n oortreding van hulle definisie van die sabbatsgebod.

Die man het egter op hierdie beskuldiging van die Jode gereageer en gesê dat die Man wat hom gesond gemaak het, het hom beveel om sy slaapmat te dra. Ek dink die man het geredeneer as daardie Man hom kan gesond maak, kan Hy sekerlik ook sê of hy op die sabbatdag sy slaapmat mag dra of nie. Verstommend genoeg is die Jode nie soseer geïnteresseerd in wie hom gesond gemaak het nie, nee, hulle is veel eerder geïnteresseerd in wie Homself die reg toeëien om opdrag te mag gee dat hulle interpretasie van die sabbatsgebod oortree mag word. Verstommend genoeg reageer die man wat gesond gemaak is hierop deur te sê dat hy nie weet wie dit is wat hom gesond gemaak het nie. As dit vir ons vreemd klink, verduidelik vers 13 die rede hiervoor: Die Here Jesus het ongemerk weggeglip na Hy die man gesond gemaak het, want daar was ‘n skare byeen by die bad van Betesda. Ons moet aflei die man het nie eens die geleentheid gehad om vir die Here Jesus te vra wie Hy was nie. Dit blyk egter dat beide die Here Jesus en die man albei na die tempelterrein gegaan het, waar die Here Jesus toe weer die man gekry het. Dit was toe dat Hy aan die man gesê het, siende dat hy nou gesond is, moet hy nie langer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met hom gebeur nie. Tydens hierdie gesprek het die man toe wel geleer wie hom gesond gemaak het – dit was die Here Jesus. Die man het vervolgens na die Jode teruggegaan en aan hulle gaan vertel dit was die Here Jesus wat hom gesond gemaak het.

Lees Joh 5:16-18. Natuurlik is die Jode nou ook gekant teen die Here Jesus. Vroeër was hulle ontsteld omdat die man sy slaapmat gedra het, maar nou het hulle nog rede om ontsteld te wees: Nie net dra die man sy slaapmat nie, maar boonop het die Here Jesus hom ook op die sabbatdag gesond gemaak. Nou is daar volgens hulle twee oortredings van die sabbatsgebod. Die Here Jesus het hulle egter geantwoord: “My vader is tot nou toe aan die werk, en Ek is ook aan die werk.” Dit ontstel die Jode nog meer: nie net is die Sabbatsgebod al deur beide die man en die Here Jesus verbreek nie, maar boonop het die Here Jesus sopas God die Vader Sy eie Vader genoem, en by implikasie het Hy Homself gelykgestel aan God. Natuurlik was dit vir die Jode totaal en al onaanvaarbaar.

Dit het aanleiding gegee tot ‘n verduideliking deur die Here Jesus oor wie Hy is, oor Sy verhouding met die Vader en die volmag wat Hy van die Vader ontvang het – dit alles volg in verse 19 en verder, waarna ek beplan om volgende week te kyk. Ek wil egter nou tyd spandeer om die stelling van die Here Jesus in vers 17 in meer detail te oordink: “My Vader is tot nou toe aan die werk, en Ek is ook aan die werk”:

Dit is opvallend hoeveel keer die onderhouding van die sabbatdag in die vier evangelies na vore kom: Bo en behalwe wat in die Johannes-evangelie bespreek word, kom dit ook voor in Mark 2, Luk 13 en 14, en ook Mat 12. Ek beplan nie om dit nou alles te bespreek nie. Ek het op 9 Junie 2024 ‘n preek versprei wat uitsluitlik fokus op die onderhouding van die sabbatdag, en wat ook van hierdie insidente in die evangelies aanspreek. Gaan luister gerus na daardie preek as jy meer hiervan wil hoor.

Ek wil egter nou net fokus op dit wat relevant is om die stelling van die Here Jesus in vers 17 te verstaan. Ek wil jou graag aan die volgende herinner:

- In Genesis 1-2 lees ons dat God alles geskep het in 6 skeppingsdae, en daarna het Hy op die sewende dag gerus. Hy het die sewende dag geseën en dit heilig verklaar (Gen 2:3). Die rede

waarom Hy op die sewende dag gerus het, was omdat Sy skeppingswerk klaar was (Gen 2:2), en daarom het Hy gerus. Dit is egter opvallend dat die sewende dag nie afgesluit word met die stelling "En dit was aand en dit was oggend – die soveelste dag" nie, terwyl die ander skeppingsdae wel so afgesluit word. Dit beteken God se sabbatsrus duur steeds voort. Sy skeppingswerk is afgehandel, daarom is elke skeppingsdag afgehandel, maar God se rus van Sy skeppingswerk duur egter steeds voort – siende dat Sy skeppingswerk afgehandel is.

- In Joh 5:17 sê die Here Jesus egter dat Sy Vader tot nou toe steeds aan die werk is. Aan die een kant sê ons God rus steeds sedert daardie sewende skeppingsdag, terwyl die Here Jesus aan die ander kant sê Sy Vader werk steeds. Rus God die Vader, of werk God die Vader? Om dit beter te verstaan moet ons na die twee plekke in die Ou Testament gaan kyk waar die vierde gebod, die sabbatsgebod, destyds aan die volk gegee is:
    - Die een plek is Eks 20:8-11. Hier lees ons dat die motivering vir die gebod om te rus op die sewende dag, is die feit dat die Here die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, binne ses dae gemaak het, en toe het Hy op die sewende dag gerus. En Hy het die sabbatdag geseën en geheilig.
    - Die tweede plek is Deut 5:12-15. Hier word die volk geleer hulle moet op die sabbatdag rus, want die Here het hulle uit Egipteland uitgelei, waar hulle 'n slaaf was, en daarom moet hulle die Sabbatdag vier.

  Wat ons moet raaksien is dat daar twee tipes werk van die Here is waarna verwys word en wat gekoppel word aan die vierde gebod: Die een tipe werk is Sy skeppingswerk – maar hierdie werk is afgehandel, en daarom rus die Here van hierdie werk sedert Gen 2. Die ander tipe werk is Sy verlossingswerk – dit het in Gen 3 begin, dit het voortgegaan tydens die verlossing van die volk uit Egipte, dit was steeds aan die gang met die koms van die Here Jesus na die aarde (trouens hier bereik dit 'n klimaks), dit was steeds aan die gang daardie dag by die bad van Betesda, en dit gaan selfs vandag steeds voort. Dit is hierdie werk waarna die Here Jesus in Joh 5:17 verwys: Die Vader is steeds besig om aan hierdie werk te werk – al sedert Gen 3. En die Here Jesus is ook hiermee aan die werk – onder andere deur die man by die bad van Betesda gesond te maak, om ons sodoende te leer hoe Hy verlossing gaan bewerk as die Messias.

Opsommend kan ons dus sê: God rus van Sy skeppingswerk, sedert Gen 2. Maar God werk aan Sy verlossingswerk sedert Gen 3. Maar hoekom maak die Here Jesus nou juis hierdie stelling toe Hy deur die Jode beskuldig word daarvan dat Hy die sabbatsgebod oortree het? Wel, dink weer aan die Vader: Hy rus en werk gelyktydig. Hy rus van Sy Skeppingswerk, en terselfdertyd werk Hy aan Sy verlossingswerk. Dieselfde is waar van die Here Jesus: Hy is die Een deur Wie die Vader geskep het. Hy is ook die Een deur Wie die Vader verlos. Die Here Jesus het op daardie dag by die bad van Betesda ook gelyktydig gerus en gewerk. Soos die Vader het Hy ook gerus van Sy skeppingswerk. En soos die Vader het Hy gewerk aan Sy verlossingswerk.

Wat is die implikasies hiervan vir ons? Moet ons nog die sabbatdag onderhou? Ja, want tydens die skepping het die Here aan ons sekere opdragte gegee om uit te voer, soos onder andere om te werk. Ons is nog nie klaar daarmee nie. Soos God gedoen het in die skeppingsweek, moet ons hiermee volhou vir 6 dae, en dan rus op die sewende dag – totdat ons ons werk voltooi het. Maar ons sal dit eers aan die einde van die tyd voltooi. Daarna sal ons ook vir altyd kan rus van ons skeppingsopdragte, soos God vir altyd kan rus van Sy skeppingswerk. Tot dan moet ons egter 6 dae werk, en die sewende dag rus.

Maar die Here het ons ook medewerkers gemaak in die uitvoer van Sy verlossingswerk – byvoorbeeld: ons moet groei in heiligheid en ons moet die evangelie verkondig. Maar let op, terwyl God rus van Sy skeppingswerk, werk Hy aan Sy verlossingswerk. Wanneer ons elke sewende dag rus van ons skeppingsopdrag, beteken dit nie ons is passief nie – ons moet dan juis voortgaan met ons verantwoordelikheid as medewerkers in God se verlossingswerk. Die sabbatdag is juis die dag om te besin oor ons verlossing, om te besin oor ons vordering in heiligmaking, dit is juis die dag wat ons kan gebruik om aktief die evangelie te verkondig. Terwyl ons rus van ons daaglikse werk as deel van ons skeppingsopdragte, werk ons as medewerkers aan God se verlossingswerk – soos die Vader en die Here Jesus ook doen.

Toe die Here Jesus die man op die sabbatdag gesond gemaak het, was Hy ten diepste besig met verlossingswerk – die verlossing van daardie man, maar ook die lering aan ons oor hoe Sy verlossing werk. Ja, Hy het gerus op daardie sabbatdag van Sy skeppingswerk, maar Hy was besig met verlossingswerk. Soos die Vader, was Hy dus aan die werk. Maar die werk aan verlossingswerk is nie oortreding van die sabbat nie. Dieselfde is waar van die man wat sy slaapmat gedra het. Dit was deel van sy verlossing van ‘n hopelose bestaan na ‘n hoopvolle bestaan. Die dra van sy slaapmat was deel van sy verlossing, nie deel van sy daaglikse werk nie. Daarom was dit nie oortreding van die sabbatsgebod nie. Netsoos wat dit nie oortreding van die sabbatsgebod is om op ‘n Sondag my in te span om meer van die Here en Sy verlossing te leer nie. Dit is ook nie oortreding van die sabbatsgebod om ander meer hieroor te leer nie, insluitende alle ondersteunende aktiwiteite om by hierdie werk te kan uitvoer nie.